# WERKKAART 1 – Ma. 22 Junie

# LENGTE

**Aktiwiteit 1: Omkring die vier eenhede, waarin ons lengte meet, in die blok hieronder.**

| | | |
|---|---|---|
| kilometer | gram | |
| milliliter | sentimeter | liter |
| kilogram | meter | kilogram |
| millimeter | ton | |

**Aktiwiteit 2: Onderstreep die korrekte antwoord tussen hakkies.**

a. (Kilometer / meter / sentimeter / millimeter) is die grootste van die 4 eenhede.

b. (Kilometer / meter / sentimeter / millimeter) is die kleinste van die 4 eenhede.

c. Ek sal in (meter / sentimeter) meet om die afstand om die rugbyveld te meet.


d. Ek sal in (meter / kilometer) meet om die afstand van my dorp na 'n ander dorp te meet.

e. Ek sal in (millimeter / sentimeter) meet om die lengte van my nael akkuraat te meet.

f. Ek sal in (sentimeter / meter) meet om die lengte van my handboek te meet.

g. Ek sal 'n (liniaal / meterstok) gebruik om die lengte van my handboek te meet.

**Aktiwiteit 3: Gebruik die onderstaande HERLEIDINGSDIAGRAM om jou te help om die ontbrekende antwoorde in te vul – JY KAN OOK JOU 7 TRAPPIES GEBRUIK(sien volgende**




a. 1 km = _______________ m

b. 1 m = _______________ cm

c. 1 cm = _______________ mm


d. 10 mm = _____________ cm

e. 100 cm = _____________ m

e. 1 000 m = ____________ km

# SO ONTHOU EK OOK LENGTE!!

## HERLEIDING







## LEER EN ONTHOU:Lengtes in breukvorm

*Kyk hoe werk ek dit uit*

$\frac{1}{4}$ km = $\frac{1}{4}$ van 1 km(1 000m)

= (1000 ÷ 4) x 1 = 250 x 1 = 250 m

| | | |
|---|---|---|
| 1 cm = 10 mm | 1 m = 100 cm | 1 km = 1000 m |
| $\frac{1}{2}$ cm = 5 mm | $\frac{1}{2}$ m = 50 cm | $\frac{1}{2}$ km = 500 m |
| | $\frac{1}{4}$ m = 25 cm | $\frac{1}{4}$ km = 250 m |
| | | $\frac{1}{8}$ km = 125 m |
| | | $\frac{1}{5}$ km = 200 m |